# Die sewe seënspreke in die Boek Openbaring.

**Maandag 12 September 2022**

**<u>Lees</u>: <u>Open 1:3</u> '53** "**Salig is** hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby."

**<u>Open 1:3</u> '83** "**Geseënd is** die een wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby."

**Sekerlik die bekendste Saligsprekinge** wat ons kry in die Bybel is die bekende Nege Saligsprekinge in die evangelie van Matteus naamlik **Matt 5:3-11**. Maar in Openbaring kry ons ook sewe saligsprekinge.

**Openbaring is sekerlik een van die moeilikste boeke in die Bybel om te verklaar**. Dit is veral omdat die boek vol van simboliek en getalle is wat alles iets beteken. Ons noem dit ook 'n apokaliptiese boek, dit beteken 'n boek wat verbogenhede of geheimenisse openbaar. Tog is dit 'n boek vol van troos vir die Christen. Daarom moet ons die boek ook biddend in diepe afhanklikheid van God verklaar, trouens soos dit met die hele Bybel gesteld is.

**Die getal sewe speel deurentyd 'n baie belangrike rol in Openbaring** omdat ons dit 'n volheidsgetal is. Dit dui op die volheid van God en die Skepping saam. Ons kry sewe as ons drie plus vier bymekaar tel. Die getal drie dui op die Drie-eenheid, nl. God die Vader, die Seun en die Heilige Gees en die getal vier dui op die aardse volheid, Noord, Suid, Oos en Wes. **Die getal is n uitdrukking van omvattenheid en afgerondheid.**

**Nou kry ons onder andere Sewe Saligsprekinge** in die boek Openbaring alleen.
**Dit is belangrik om te weet wat die Woord Salig beteken**. Dit kom van die griekse woord "Makarios" wat ons kan vertaal met **Salig, Geseënd, Gelukkig of Uitermate gelukkig.**

**<u>Open 1:3</u>** "Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby."

**<u>Open 14:13</u>** "Toe het ek 'n stem uit die hemel hoor sê: "Skryf op! Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe." "Ja," sê die Gees, "hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle."

**<u>Open 16:15</u>** "Kyk, Ek kom onverwags soos 'n dief. Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou, sodat hy nie kaal hoef te loop en die mense sy skande sien nie."

**<u>Open 19:9</u>** "Toe sê die engel vir my: "Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is." Verder sê hy vir my: "Dit is die woorde van God, en hulle is waar."

**<u>Open 20:6</u>** "Geseënd en heilig is dié wat aan die eerste opstanding deel het. Oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom die duisend jaar lank regeer."

**<u>Open 22:7</u>** "Jesus sê toe: "Kyk, Ek kom gou! Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem."

**<u>Open 22:14</u>** "Geseënd is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan."

**Om geseënd of gelukkig te wees** volgens die boek Openbaring is om kennis te hê, wat deur die Heilige Gees aan ons geopenbaar word in die woord oor die lewe nou en die toekoms. Dit is nie 'n saak om presies, dag en datum, plek en omstandighede presies te ken wat die toekoms en ons lewens nou vir ons inhou nie, maar om in geloof voor God te buig en te weet Hy is in beheer en wat besig is om te gebeur en gaan gebeur. Volgende keer begin ons dan DV om die Saligsprekinge een vir een, biddend en in afhanklikheid te verklaar.

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: <u>gskruger1@gmail.com</u>***